Die Heerlikheid v.d. Here Vervul
Sy Huis.

Jansenville
29 Nov. 1958

2 Kron. 5: 1-14

2 Kron. 5:14 – ... die heerlikheid van die Here het die huis van God vervul.

'n Mens word skaam as jy lees hoeveel offers van goud en goeters gebring is om die bou v.d. tempel moontlik te maak: die allerbeste materiale gebruik, die allerfynste vakmanskap, die allergrootste offers, tot by die hoogtepunt van die inwyding van die tempel die allerheiligste oomblik aanbreek dat die heerlikheid v.d. Here uit die vorme van 'n wolk die tempel vervul. Watter aangrypende, ontroerende, onvergeetlike oomblik toe die 120 priesters die trompette blaas, die 4000 Leviete sangers die lofsang van Dawid aanhef: „Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!"

Daarmee was Salomo nie te kenne gee dat die tempel die heerlikheid kan bevat nie! Nee: hy sê trouens self in 2 Kron. 6:18 – „Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het!" En net soos Hy het ook Jesaja gevoel toe Hy uitgeroep het: „So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou?"

En tog – a.d.a.k – het Salomo die diep en brandende behoefte van die hart v.d. volk gestalte gegee deur 'n tempel te bou, 'n Godshuis waar die volk sy God kan ontmoet: soos wat 'n Kerkraad uitdrukking gegee het aan die verlange en bede van baie harte i.d. gemeente om hier 'n Godshuis op te rig wat Hom waardig sal wees!

En nou moet ons almal baie goed wat Xtus ons ook geleer het dat die heerlikheid v.d. Here nie geleë is in 'n gebou of 'n Kansel of 'n Kleed of 'n doopfont nie, maar in die samekoms van die vergaderde gemeente van God: daarin word Gods heerlikheid en majesteit geopenbaar, daarin glans sy glorie na buite – die feit dat in Sy huis Sy Bondsvolk saamkom om Hom te aanbid! Dit wat in die week v.d. Ou Verbond nog verskuil en bedek was, dit het nou in Xt. Jesus tot heerlike, volle werklikheid geword!

Laat ons dus nie reken dat Gods heerlikheid verdwyn het omdat daar nie meer 'n wolk in die Kerk verskyn nie. Want die heerlikheid v.d. Here word vandag nog net so wesenlik geopenbaar en bekend in dit waarvoor Gods huis bedoel en opgerig is!

I Die bediening v.d. Wd & Sakramente: Watter aangrypende gedagte dat hier van môre af, S/dag na S/dag, week na week die Wd. van God bedien sal word! Watter vreugde vir beide die gesante van God wat hier sal optree en die gemeente van God wat hierheen sal optrek om te meet: Dis God wat hier tot ons gaan spreek!

Mr. dis juis hd. heerlike vreugde wat die Wd. dienaar so diep verootmoedig dat hy moet dat elke keer dat hy hd. Kansel bestyg hy met 'n rein gewete voor God kan staan en sê: Wat ek sê, sê ek in die naam van God! Hoeveel studie, seefinkeer, worsteling en gebed is nie nodig voor 'n bedienaar v.d. Wd. dit kan sê!

En die gemeente: hoe diep moet d. gemeente bewus word en bly van die een groot waarheid: Dis God wat roep – na Sy huis; Dis God wat spreek – in Sy huis! Ons moet antwoord en luister & doen – dan sal ons leme (met Hoofletters gespel LEWE!).

Verstaan u. br & st., dat die heerlikheid v.d. Here alleen sigbaar, kenbaar word waar beide Gods gesant en Gods gemeente dit so verstaan en uitvoer en gehoorsaam! Daarom moet d. Kkrd en d. gemeente bulle predikant help dat hy tyd genoeg vind vir studie, bepeinsing, gebed! Daarom moet elke gem. lid weet dat sy kerkbesoek nie 'n saak is van sy geril of mik of gin of lus nie, nr. van heilige, goddelike plig!

Waar dit gebeur, daar woon Gods heerlikheid in sy huis!

II Die Beslissing vir of teen Christus:

III) **Die deurwerking v.d. Evangelie:** Nr. die grootste en blywendste openbaring van Gods heerlikheid is die mate waarin ons ons aanbidding omskep in arbeid, ons geloof in getuienis, ons belydenis in bekering. Dan eers word Gods heerlikheid sigbaar a.d. wêreld: Hoe kan dit geskied?

a) Deur d. sending:

b) Deur evangelisasie:

c) Deur die diens van barmhartigheid:

d) Deur versterking v.d. geloofsband: